



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 40

4 Oktober 2026

Die Wonderlike Werk Van Die HEILIGE GEES (2)

Paulus skryf in 1 Kor 6:19-20 dat ons tempels van die Heilige Gees is. God het deur Sy Gees in ons kom woon. Om hierdie beeld beter te verstaan kan ons na die tempel kyk wat drie vertrekke gehad het: die Voorhof, die Heilige en die Allerheiligste. Net so bestaan ons ook uit liggaam, siel en gees.

Die Voorhof en die Heilige is reeds bespreek. So ons eindig met die Allerheiligste vertrek.

Die Allerheiligste

Agter die voorhangsel was die Verbondsark. Daarin was die wet, wat in Christus vervul is (Matt 5:17), die staf van Aäron, wat wys dat die finale gesag aan God behoort (Num 17) en 'n kruik met manna, wat Israel herinner het dat God daagliks voorsien (Eks 15:11-36).

Voor die genadetroon

Bo-op die ark was die genadetroon van God. Dit is die ontmoetingsplek genoem. Nadat die voorhangsel met Jesus se kruisdood geskeur het, is die Allerheiligste vir ons oopgemaak. Nou kan ons ten alle tye voor God se genadetroon leef. Hy is ons bron en in Christus kan ons vanuit Sy voorsiening, liefde, genade en vrede leef.

Die Weg, Waarheid en Lewe

Die drie ingange na die tempelvertrekke se name herinner ons aan Jesus se woorde: "Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe" (Joh 14:6). Hy het ook belowe dat die Heilige Gees ons alles sal leer (Joh 14:26). Vra die Heilige Gees om jou te help om die volheid van 'n tempellewe te ontdek en in God se bedoeling met jou te leef. – Dr E Meyer.

Dankie!

Vir die volkome en volmaakte werk van Christus Jesus aan die kruis!
Vir die voorreg wat ons in Christus het om ten alle tye voor God se genadetroon te leef!
Vir die Heilige Gees om ons te help om die volheid van 'n tempellewe te ontdek!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde en natuurramp gebiede.
- Vir die plaaslike verkiesing.

Gebedsversoeke

- | | |
|-------------------------|------------------|
| • Lottie Conradie | Hettie Singleton |
| • Annie Brink | Marelize de Wet |
| • Juanita Rossouw | Janine Vorster |
| • Tannie Sannie Wentzel | Boland le Roux |
| • Madelein Els | Wildie Meiring |
| • Martie van Staden | Deon du Plessis |
| • Anton Prinsloo | |

Gedagte vir die week

Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe!
Joh 14:6

Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

